

Roem in die Kruis



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Galasiërs 6:11–18, Romeine 6:1–6, 12:1–8, 2 Korintiërs 4:10, 5:17, 11:23–29.

Geheueteks:

“Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is” (*Galasiërs 6:14*).

Hierdie studie oor Galasiërs was intens. Die rede hiervoor is die brief self wat so intens is. Paulus skryf met geïnspireerde passie oor die profete van die Ou Testament, van ‘n Jesaja, ‘n Jeremia, ‘n Hosea. Hy kan hieroor skryf want hy ken sy roeping, en hy ken die waarheid wat hy verkondig, (hy sê telkemale dat die waarheid alleen van die Here af kom). Net soos die profete met die volk van God gepleit het in hulle tyd om van hulle sondes weg te draai, doen Paulus hier dieselfde met diegene van sy tyd.

Ongeag hoe verskillend die onmiddellike omstandighede was, kon die woorde van Jeremia op die ou end net sowel van toepassing wees op die Galasiërs as wat dit in Jeremia se tyd was: “So sê die Here: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie: maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die Here is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek ‘n behae, spreek die Here” (*Jer. 9:23, 24*). Nêrens anders vertoon ons “verheerlikte” menslike wysheid, ons rykdom, en ons mag so helder en duidelik in al hulle vrugtelooheid en ydelheid as voor die Kruis van Christus nie – die fokus van Paulus se brief aan sy dwalende kudde in Galasië.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 30 September.*

Paulus se eie hand

Vergelyk Paulus se slotopmerkings in Galasiërs 6:11–18 met die laaste opmerkings wat hy in sy ander briewe maak. Op watter wyse is die slot van Galasiërs soortgelyk en ook verskillend van hulle? (Lees die laaste opmerkings in Romeine, 1 en 2 Korintiërs, Efesiërs, Filippense, Kolossense, en 1 en 2 Tessalonisense.)

Paulus se slotopmerkings is nie altyd eenvormig nie, maar ‘n aantal algemene elemente verskyn daarin: (1) groetwoorde aan spesifieke individue, (2) ‘n laaste aansporing, (3) ‘n persoonlike ondertekening, en (4) ‘n slot-seënwens. Wanneer hierdie tipiese eienskappe met Paulus se laaste opmerkings in Galasiërs vergelyk word, kom twee betekenisvolle verskille na vore.

Eerstens, anders as in talle van Paulus se briewe, bevat Galasiërs geen persoonlike groetwoorde nie. Waarom? Soos met die tradisionele danksegging aan die begin van die brief, is hierdie waarskynlik ‘n verdere aanduiding van die gespanne verhouding tussen Paulus en die Galasiërs. Paulus is hoflik, maar formeel.

Tweedens moet ons onthou dat dit Paulus se gewoonte was om sy briewe aan ‘n skriba te dikteer (*Rom. 16:22*). Wanneer dit klaar geskryf is, het Paulus dikwels self die pen opgeneem en ‘n paar woorde met sy eie hand aan die einde van die brief bygeskryf (*1 Kor. 16:21*). In Galasiërs wyk Paulus af van hierdie praktyk. Wanneer hy die pen by die skriba neem, is Paulus nog steeds so besorgd oor die omstandighede in Galasië, dat hy uiteindelik baie meer skryf. Hy kan eenvoudig nie die pen neersit nie totdat hy nog ‘n laaste keer by die Galasiërs gespeit het om van hulle dwase weë weg te draai.

In Galasiërs 6:11 benadruk Paulus dit dat hy die brief met groot letters geskryf het. Ons weet nie werklik waarom nie. Sommige spekuleer dat Paulus nie na die grootte van die letters verwys het nie, maar na hulle skewe vorms. Hulle stel selfs voor dat Paulus se hande so verwronge was weens vervolging of inmeekaargetrek van tentmaking, dat hy nie die letters met presiesheid kon vorm nie. Ander glo dat sy kommentaar verdere bewys lewer van sy swak sig. Al is beide hierdie sieninge ‘n moontlikheid, blyk dit heelwat minder spekulatief om bloot net aan te neem dat Paulus doelbewus met groot letters geskryf het om sodoende sy opmerkings te benadruk of dit te onderstreep, net soos ons ook soms belangrike konsepte of woorde wil beklemtoon deur dit te onderstreep, of dit kursief te skryf, of selfs met HOOFLETTERS. Wat ook al die rede, Paulus wou beslis hê dat die lesers sy waarskuwings en vermaninge ter harte neem.

Roem in die vlees

Lees Galasiërs 6:12, 13. Wat sê Paulus in hierdie verse?

Alhoewel Paulus al voorheen gesuggereer het wat die agenda en beweegrede van sy teenstanders is (*lees Gal. 1:7, 4:17*), is sy opmerkings in Galasiërs 6:12, 13 die eerste eksplisiete kommentaar wat hy oor sy teenstanders maak. Hy beskryf hulle as mense “wat ‘n mooi vertoning in die vlees wil maak”. Hierdie frase “‘n mooi vertoning” beteken in Grieks letterlik om “n goeie/mooi gesig” op te sit. Trouens, die woord vir gesig” in Grieks is dieselfde woord vir ‘n akteur se masker, en hierdie woord is selfs ook figuurlik gebruik om te verwys na die rol wat ‘n akteur speel. Met ander woorde, Paulus sê eintlik hier dat hierdie mense soos toneelspelers is wat die goedkeuring van die gehoor soek. In ‘n kultuur wat gebou is op eer en skande, is inskiklikheid noodsaaklik, en diegene wat hierdie foute leer, blyk op soek te wees na eer, of om hulle eer te verbeter, voor hulle mede-Jode en ander Joodse Christene terug in Jerusalem.

Paulus beklemtoon ‘n belangrike punt oor een van hulle motiewe – die begeerte om vervolging vry te spring. Al kan vervolging in meer dramatiese vorms verstaan word (soos fisieke aanranding), kan dit in sy “matiger” vorms, soos teistering en uitsluiting, net soveel skade berokken. Paulus en ander fanatiese dweepers het eens hierdie eersgenoemde soort vervolging in Judea toegepas (*Gal. 1:13*), maar die laasgenoemde het ook ‘n groot effek op Christene gehad.

Die Joodse godsdientige leiers het nog steeds betekenisvolle politieke invloed op baie gebiede gehad. Hulle het die amptelike goedkeuring van Rome gehad; en daarom was talle Joodse gelowiges gretig om goeie verhoudinge met hulle te handhaaf. Deur die heidene te besny, en hulle te leer om die Torah te onderhou, het die moeilikheidmakers in Galasië op gelyke voet met die plaaslike Jode gestaan. Nou kon hulle nie slegs vriendskapsbande met die sinagoges volhou nie, maar ook hulle bande met die Joodse gelowiges in Jerusalem versterk, wat ‘n groeiende agterdog begin kweek het oor die werk met die heidene (*Hand. 21:20, 21*). Daar is geen twyfel nie, in een sin kon hulle optrede hulle getuienis aan die Jode effektiewer gemaak het. Wat ook al die situasie wat Paulus in gedagte gehad het, sy bedoeling is baie duidelik: “En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgd word” (*2 Tim. 3:12*).

Dink oor die rede waarom hierdie mense hulle foute vir ander geleer het. Dit klink redelik, alles in aggenome. Wat behoort dit ons te vertel van hoe selfs die “beste” motiewe ons kan laat afdwaal as ons nie waaksaam is nie? Wanneer was die laaste keer toe jy die verkeerde dinge gedoen het vir die regte motief?

Roem in die Kruis (*Gal. 6:14*)

“Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld” (*Gal. 6:14*).

Nadat die motiewe ontbloot is wat sommige eengepor het om aan te dring op besnydenis, bied Paulus sy evangelieboodskap ‘n laaste keer vir die Galasiërs aan, al is dit ook net as ‘n samevatting. Vir Paulus is die evangelie gebaseer op twee grondliggende leerstellings: (1) die sentraliteit van die Kruis (vers 14) en (2) die leerstelling van regverdigmaking (vers 15). In vandag se studie fokus ons op die eerste een. In die een-en-twintigste eeu is dit moeilik om die skok wat Paulus se opmerkings oor die Kruis oorspronklik oorgedra het, te verstaan (*Gal. 6:14*). Vandag is Christus se Kruis ‘n algemene en geliefde simbool wat positiewe gevoelens vir die meeste mense ontlok. In die dae van Paulus was die Kruis egter nie iets om in te roem nie, maar iets wat verafsku is. Jode het die idee van ‘n gekruisigde Messias beledigend gevind, en Romeine het kruisigings so afstootlik geag dat dit nooit eers as ‘n geskikte straf vir ‘n Romeinse burger genoem is nie.

Die minagting waarmee die antieke wêreld op die kruis van Christus neergekyk het, kan duidelik gesien word in die vroegste sketse van die kruisiging wat op rekord is. ‘n Stuk aniteke graffiti wat uit die vroeë tweede eeu dateer, beeld die kruisiging van ‘n man met die kop van ‘n donkie uit. Onder die kruis, en langs die beeld van ‘n man wat sy hande in aanbidding oplig, lees ‘n inskripsie: “Alexander aanbid sy god”. Die punt hier is duidelik: die kruis van Christus word belaglik geag. Dis in hierdie konteks wat Paulus so onbeskaamd en reguit verklaar dat hy in niks anders as die kruis van Christus kan roem nie!

Watter verskil het die kruis van Christus in Paulus se verhouding met die wêreld gemaak? *Gal. 6:14, Rom. 6:1–6, 12:1–8, Fil. 3:8*.

Die kruis van Christus verander alles vir die gelowige. Dit daag ons nie slegs uit om die wyse waarop ons onself sien te herevalueer nie, maar ook die manier waarop ons met die wêreld omgaan. Die wêreld – hierdie huidige bese eeu en alles wat dit behels (1 Joh. 2:16) — staan in opposisie tot God. Omdat ons saam met Christus gesterf het, het die wêreld nie langer enige bindende mag meer oor ons nie, en die ou lewe wat ons eens vir die wêreld gelei het, bestaan nie meer nie. Wanneer mens die vergelyking van Paulus volg, behoort dit so te wees asof die gelowige en die wêreld vir mekaar gesterf het.

Wat het die Kruis gedoen om jou verhouding met die wêreld te beïnvloed? Watter verskil het dit in jou lewe gemaak? Hoe leef jy nou anders as toe jy nog nie jou lewe aan die Here, wat vir jou gesterf het, gegee het nie?

‘n Nuwe skepping

Nadat Paulus die Kruis van Christus as middelpunt van die Christen se lewe benadruk het, plaas hy nou verder klem op die tweede grondliggende leerstelling van sy evangelieboodskap, naamlik: regverdigmaking deur geloof. Ons het die afgelope kwartaal gesien dat Paulus basies besnydenis teenoor die evangelie plaas. Tog is hy nie teen die praktyk self gekant nie. Paulus het verskeie sterk stellings teen besnydenis gemaak (*lees Gal. 5:2–4*), maar hy wil nie hê dat die Galasiërs tot die gevolgtrekking moet kom dat om onbesny te wees meer aanvaarbaar vir God as besnydenis is nie. Dit is nie sy standpunt nie, want mens kan net so wetties wees oor wat een doen, as wat hy nie doen nie. Geestelik gesproke is die kwessie rondom besnydenis self irrelevant. Ware godsdiens is nie geanker in uiterlike gedrag nie, maar in die toestand van die menslike hart. Soos Jesus self gesê het, ‘n persoon kan wonderlik aan die buitekant lyk, maar binne geestelik verrot wees (*Matt. 23:27*).

Wat beteken dit om ‘n nuwe skepping te wees? Gal. 6:15, 2 Kor. 5:17. Hoe het jy al self ervaar wat dit beteken?

Ktisis is die Griekse woord wat vertaal word as “skepping”. Dit kan verwys na ‘n individuele “skepsel” (*Heb. 4:13*) of na die hele “geskape” orde self (*Rom. 8:22*). In albei gevalle impliseer die woord die aksie van ‘n Skepper. Dit is die punt wat Paulus maak. Om ‘n “nuwe skepsel” te word, is nie iets wat kan voortkom uit menslike pogings nie – of dit nou besnydenis of enigiets anders is. Jesus verwys na hierdie proses as die “nuwe geboorte” (*Joh. 3:5–8*). Dit is die goddelike optrede waarin God ‘n persoon neem wat geestelik dood is, en geestelike lewe in hom blaas. Dit is maar net nog ‘n metafoor om die reddingsdaad te beskryf wat Paulus tipies as regverdigmaking deur geloof noem.

Paulus verwys na hierdie nuwe skeppingsondervinding in groter besonderhede in 2 Korintiërs 5:17. In hierdie vers verduidelik Paulus dat om ‘n nuwe skepsel te word, beteken dit veel meer as net ‘n verandering in ons status in die boeke van die hemel; dit bring vandag reeds ‘n verandering in ons lewens. Soos Timothy George opmerk: dit “behels die hele proses van bekering: die hernuwende werk van die Heilige Gees wat aanleiding gee tot inkeer en geloof, die daaglikse proses van versterwing en lewendmaking, voortdurende groei in heiligheid lei tot die uiteindelijke gelykvormigheid na die beeld van Christus.”—*Galatians*, p. 438 – vry vertaal. Om egter ‘n nuwe skepsel te word, is nie wat ons regverdig maak nie. Die radikale verandering is eerder die onmiskenbare totstandkoming van wat dit beteken om regverdig te wees.

Laaste opmerkings (*Gal. 6:16–18*)

Paulus spreek sy seëninge oor diegene uit wat hy sê “wandel volgens hierdie reël” (*Gal. 6:16*). Gegewe die konteks, van watter reël dink jy praat Paulus?

De woord wat as “reël” vertaal word verwys na ‘n reguit staaf wat deur bouers of skrynwerkers gebruik is om te meet. Die woord het uiteindelik ‘n figuratiewe betekenis verkry wanneer daar na reëls of standaarde verwys word waarvolgens ‘n persoon iets evalueer of beoordeel. Byvoorbeeld: wanneer mense van die Nuwe Testamentiese kanon praat, verwys hulle na die sewe-en-twintig boeke in die Nuwe Testament, wat as gesaghebbend beskou word vir beide die geloof en praktyk van die kerk. Daarom, indien ‘n leerstelling nie “opweeg” (of meet) aan dit wat in hierdie boeke gevind word nie, word dit nie aanvaar nie.

Wat is die “littekens van die Here Jesus” wat Paulus in sy liggaam dra? Wat bedoel hy wanneer hy skryf dat niemand hom “moeite aandoen nie” as gevolg daarvan? Kan Galasiërs 6:14 help om hierdie vraag te beantwoord? *Gal. 6:17, 2 Kor. 4:10, 11:23–29*.

Die woord merk kom van die Griekse woord stigmata, vanwaar die woord stigma ook afgelei is. Paulus kan dalk na ‘n algemene praktyk verwys waar slawe gemerk is met die teken van hulle meester as ‘n vorm van identifikasie, of waar ‘n toegewyde in sommige misterieuse godsdienste hulleself brandmerk as teken van toewyding. Hoe dit ook al is, Paulus verwys ongetwyfeld na die merke of littekens wat op sy liggaam gelaat is weens vervolging en moeilikhede (*lees 2 Kor. 4:10, 11:24–27*). Sy teenstanders dring daarop aan dat sy heidense bekeerlinge die merk van besnydenis as teken van hulle oorgawe aan Judaïsme moet aanneem. Maar Paulus het merke wat ‘n aanduiding is van wie se slaaf hy geword het, en vir hom is daar geen ander lojaliteit as aan Christus nie . . . Die littekens wat Paulus van sy vyande ontvang het terwyl hy aan die werk van sy Meester se diens was, het duidelik gespreek van sy toewyding aan Christus.”—Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, p. 989 – vry vertaal.

Watter “merke” het jy, fisiek of andersins, weens jou geloof in Jesus? Met ander woorde, wat het jou geloof jou gekos?

Verdere leeswerk:

“Die kruis van Golgota daag uit, en sal uiteindelik elke aardse en helse mag verower. Alle invloede sentreer in die kruis, en van hieruit gaan alle invloede voort. Dit is die groot aantrekkingskrag; want Christus het daarop Sy lewe vir die menslike ras gegee. Hierdie opoffering het ten doel gehad om die mens tot sy oorspronklike volmaaktheid te herstel. Ja, meer, dit was geoffer om hom ‘n algehele transformasie van karakter te gee, en dit maak hom meer as ‘n oorwinnaar. “Diegene wat in die krag van Christus die groot vyand van God en die mens oorkom, sal ‘n posisie in die hemelse howe beklee bo engele wat nog nooit geval het nie. Christus verklaar: ‘En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na my toe trek.’ As die kruis nie ‘n invloed tot sy guns vind nie, skep dit ‘n invloed. Deur opeenvolgende generasie na generasie, word die waarheid vir hierdie tyd as die huidige waarheid geopenbaar. Christus aan die kruis was die middel waardeur genade en waarheid ontmoet het, en geregtigheid en vrede het mekaar gekus. Dit is wat dit beteken om die wêreld te beweeg (MS 56, 1899).” —Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, p. 1113 – vry vertaal.

Vrae om te bespreek:

1. Watter betekenis vind jy in die feit dat Paulus sy brief begin en eindig met beide ‘n verwysing na God se genade? *Vergelyk Gal. 1:3 en 6:18.*
2. In die lig van Paulus se stelling dat hy “gekruisig is vir die wêreld” (*Gal. 6:14*), watter soort verhouding moet Christene vandag met die wêreld hê? Hoe moet Christene omgaan met kwessies soos die omgewing, rassisme, abortsie, ens. indien hulle vir die wêreld gesterf het?
3. Hoe weet ‘n persoon indien hy of sy die “nuwe skepping” ondervind het waarvan Paulus skryf?
4. Volgens dit wat jy hierdie kwartaal geleer het, hoe kan jy Paulus se sieninge opsom rakende die volgende onderwerpe: die wet, werke van die wet, regverdigmaking deur die geloof, die ou en nuwe verbonde, die werk van Christus, en die aard van die Christelike lewe?

Samevatting:

Ware godsdiens bestaan nie in uiterlike gedrag alleen nie, maar in die toestand van die hart. Wanneer die hart aan God oorgegee is, sal ‘n persoon se lewe meer en meer die karakter van Christus weerspieël soos hy of sy in geloof groei. Die hart moet deur Christus onderwerp wees, wanneer dit gebeur, sal alles daarna volg.